



Koekeloer~musse

Patrone ontwerp deur Pingouin-ontwerpateljee.

FAIR ISLE-MUS

BENODIGDHEDE: Pingouin Les Saisons (50-g-bolle); 2 bolle kleur A, 1 bol kleur B; breinaalde van 5 mm en 5,50 mm; hekelpen van 2,50 mm.

MATE: Om kind van 8-10(12-14) jaar te pas.

SPANNING: 17 ste en 29 rye = 10 x 10 cm oor reksteek met 5,50-mm-breinaalde. Gebruik dikker of dunner breinaalde, indien nodig, om korrekte spanning te verkry.

AFKORTINGS: Brei: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek (steke); rs - reksteek (= elke ry regs); alt - alternatiewe; ulg - volgende; rif - riffelsteek (= een steek regs, een steek aweregs); vermin - verminder; oorbl - oorblywende; ks - koussteek (= een ry regs, een ry aweregs). Hekel: kb - kortbeen.

AANWYSINGS: Stel 78(84) ste met 5-mm-breinaalde en A op, en brei 6 cm rif.

Slaan oor na 5,50-mm-breinaalde en brei 4 rye rs.

Slaan oor na ks en fair isle-motief. Raadpleeg diagram en voltooi motief daarvolgens.

Slaan oor na rs en brei tot werk 14(16) cm lank is.

** Plaas middelste 10 ste op 'n reserwenaald en brei verdeelde steke afsonderlik, maar * laat aan kant van steke op reserwenaald, een keer 4 steke en een keer 3 ste

ongebrei. Plaas oorbl ste op reserwenaald en herh van * tot * vir tweede groep. Brei terug oor 28 ste aan sykant en heg die 3 plus 4 steke wat ongebrei gelaat is, af. Heg die 10 ste op reserwenaald en die 4 plus 3 steke aan ander kant af en brei voort oor die 28 ste van tweede groep.

Vlg ry: Brei 28 ste rs, stel 21 ste oor afgehegte ste op en brei rs oor laaste 28 ste tot einde. Brei reguit voort oor al die steke tot werk 26(28) cm lank is. Verminder 8 ste eweredig gespasieer en elk van vlg 5 alt rye.

Vlg ry: r2 tes tot einde van ry.

Knip garing af en ryg deur oorbl ste, trek styf vas en werk netjies af. Werk agternaat toe.

Hekel 'n ry kb rondom opening om dit af te werk. Maak met B-garing 'n pompon en

werk dit bo-op mus vas (sien foto).

GROEN MUS

BENODIGDHEDE: Pingouin Les Saisons (50-g-bolle); 1(2) bolle kleur A; 20 g kleur B; paar elk breinaalde van 5 mm en 5,50 mm; hekelpen van 2,50 mm.


MATE, spanning en afkortings: Soos uiteengesit vir mus met fair isle-motief.

AANWYSINGS: Stel 74(82) ste met 5-mm-breinaalde en A op en brei rif soos volg: 3 rye A, 2 rye B, 2 rye A, 2 rye B, 3 rye A.

Slaan oor na 5,50-mm-breinaalde en rs, brei voort met A tot werk 14(16) cm lank is.

Voltooi soos uiteengesit vir fair isle-mus van ** tot einde.

DIAGRAM VIR FAIR ISLE-MUS



□ Kleur A.

⊗ Kleur B.

Middel van werk.